

**VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIE SUID-  
AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP  
EN KUNS VIR DIE TYDPERK  
JUNIE 2013 TOT DESEMBER 2013**

Geagte lede van die Akademie

Dit is vir my 'n voorreg om in ooreenstemming met paragraaf B.2.2 van die Statuut van die Akademie, die verslag van die Raad vir die tydperk Junie 2013 tot Desember 2013 aan die Algemene Vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voor te lê.

**PROF. W.A.M. CARSTENS  
VOORSITTER**



# Inhoudsopgawe

|  | <b>Bladsy</b> |
|--|---------------|
| 1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE .....  | 1             |
| 2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE .....  | 2             |
| 3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE SE WERKSAAMHEDE<br>JUNIE 2013 – DESEMBER 2013 ..... | 4             |
| 4. KOMMISSIES VAN DIE RAAD .....   | 17            |
| 5. SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD .....                                     | 18            |
| 6. VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE .....  | 20            |
| 7. VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSAPPE EN AFDELINGS ..                                 | 22            |
| 8. DANKBETUIGING .....   | 29            |
| 9. LEDELYSTE .....   | 30            |

## 1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE

### 1.1 Akademiesraad

Die Akademiesraad is na die verkiesing op 23 Junie 2011 vir die termyn Julie 2011 tot September 2014 soos volg saamgestel:

#### **Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe**

Prof. W.A.M. (Wannie) Carstens, Noordwes-Universiteit (Voorsitter)

Prof. H.P. (Hennie) van Coller, Universiteit van die Vrystaat

Dr. M.L. (Michael) le Cordeur, Universiteit van Stellenbosch

Prof. I. (Irma) Eloff, Universiteit van Pretoria

Prof. F. (Fransjohan) Pretorius, Universiteit van Pretoria

Prof. E.P.J. (Ewert) Kleynhans, Noordwes-Universiteit

#### **Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie**

Prof. W.J. (Wessel) Pienaar, Universiteit van Stellenbosch (Ondervoorsitter)

Prof. A.A. (Andries) Stulting, Universiteit van die Vrystaat

Prof. J.A.A. (Japie) Engelbrecht, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit

Dr. P.A.B. (Cassie) Carstens, SA Kernenergiekorporasie

Prof. A. (Annemarie) Oldewage, Universiteit van Johannesburg (sedert April 2013)

Prof. O.B.W. (Ooppel) Greeff, Universiteit van Pretoria (sedert Junie 2013)

#### **Ex officio raadslede**

Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe, emeritus professor, Unisa (Redakteur, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*)

Prof. J.N. (Kobus) Eloff, Universiteit van Pretoria (Redakteur, *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*)

Mnr. P.R. (Rudolph) Botha (Voorsitter: Finansiële Kommissie sedert April 2013-)

#### **Hoof Uitvoerende Beampte**

Dr. Dion Prinsloo

## 2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE

### 2.1 Geografies is lede van die Akademie soos volg ingedeel wat die verskillende Werkgemeenskappe betref:

| Werkgemeenskap   | Ere-lede  | Gewone lede | Rustende lede | Assosiaat-lede | Korresponderende lede | Totaal     |
|------------------|-----------|-------------|---------------|----------------|-----------------------|------------|
| Bloemfontein*    |           | 19          | 8             |                |                       | 27         |
| Buiteland        |           | 28          |               |                | 4                     | 32         |
| Durban           |           | 3           | 3             |                |                       | 6          |
| Oos-Kaapland     |           | 25          | 13            |                |                       | 38         |
| Pietermaritzburg |           | 2           |               |                |                       | 2          |
| Pietersburg      |           | 4           |               |                |                       | 4          |
| Potchefstroom    | 1         | 115         | 12            |                |                       | 128        |
| Pretoria         | 5         | 235         | 59            | 4              |                       | 303        |
| Vaaldriehoek     |           | 15          |               |                |                       | 15         |
| Vrystaat**       |           | 61          | 7             |                |                       | 68         |
| Wes-Kaap         | 6         | 178         | 65            |                |                       | 249        |
| Witwatersrand    | 1         | 72          | 15            |                |                       | 88         |
| Zoeloeland       |           | 2           | 1             | 1              |                       | 4          |
| <b>Totaal</b>    | <b>13</b> | <b>759</b>  | <b>183</b>    | <b>5</b>       | <b>4</b>              | <b>964</b> |

\* Slegs NW-lede

\*\*Slegs GW-lede

### 2.2 Ontleding van die lidmaatskap van die Akademie in terme van aanwinste en verliese sedert 2006:

|                                   | Junie 2006 tot Junie 2007 | Junie 2007 tot Junie 2008 | Junie 2008 tot Junie 2009 | Junie 2009 tot Junie 2010 | Junie 2010 tot Junie 2011 | Junie 2011 tot Junie 2012 | Junie 2012 tot Junie 2013 | Junie 2013 tot Des. 2013 |
|-----------------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|--------------------------|
| Ledetal                           | 798                       | 811                       | 799                       | 798                       | 776                       | 764                       | 765                       | 781                      |
| Rustende lede                     | 242                       | 234                       | 231                       | 222                       | 216                       | 201                       | 188                       | 183                      |
| <b>Totale ledetal (op 31 Mei)</b> | <b>1 040</b>              | <b>1 045</b>              | <b>1 030</b>              | <b>1 020</b>              | <b>992</b>                | <b>965</b>                | <b>953</b>                | <b>964</b>               |

#### Wins (Verlies) in ledetal:

|               | Junie 2006 tot Junie 2007 | Junie 2007 tot Junie 2008 | Junie 2008 tot Junie 2009 | Junie 2009 tot Junie 2010 | Junie 2010 tot Junie 2011 | Junie 2011 tot Junie 2012 | Junie 2012 tot Junie 2013 | Junie 2013 tot Des. 2013 |
|---------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|--------------------------|
| Nuwe lede     | 38                        | 49                        | 35                        | 47                        | 23                        | 32                        | 38                        | 24                       |
| Bedank/Skrap  | 40                        | 24                        | 34                        | 37                        | 30                        | 40                        | 22                        | 8                        |
| Sterftes      | 24                        | 20                        | 16                        | 20                        | 21                        | 19                        | 28                        | 5                        |
| <b>Totaal</b> | <b>(26)</b>               | <b>5</b>                  | <b>(15)</b>               | <b>(10)</b>               | <b>(28)</b>               | <b>(27)</b>               | <b>(12)</b>               | <b>11</b>                |

### **2.3 Nuwe lede**

Die volgende persone het as lede aangesluit:

Breytenbach, A. mej. – Pretoria  
Claassens, L.J.M. prof. – Stellenbosch  
De Villiers, M.R. prof. – Tygerberg  
De Waal, M.J. prof. – Stellenbosch  
Du Plessis, J.E. prof. – Stellenbosch  
Du Plessis, S.S. prof. – Tygerberg  
Feinauer, A.E. prof. – Stellenbosch  
Gouws, J.D. mnr. – Randburg  
Human, C.S. prof. – Stellenbosch  
Kemp, G.P. prof. – Stellenbosch  
Knoetze, J.H. prof. – Stellenbosch  
Lombard, S. me. – Pretoria  
Loxton, H. prof. – Stellenbosch  
Manley, M. prof. – Stellenbosch  
Mulder, P.W.A. dr. – Potchefstroom  
Plaatjies Van Huffel, M-A. dr. – Stellenbosch  
Rautenbach, M. prof. – Stellenbosch  
Scheffer, C. prof. – Stellenbosch  
Smith, Wanda dr. – Kaapstad  
Tiedt, L.R. dr – Potchefstroom  
Van Rooyen, M.W. prof. – Pretoria  
Warnich, L. prof. – Stellenbosch  
Watt, M.C. dr. – Rondebosch  
Wegelin, H.W. prof. – Pretoria

### **3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNSE WERKSAAMHEDE: JUNIE 2013 – DESEMBER 2013**

#### **3.1 Personeelposisie**

Die SA Akademie het tans 5 personeellede:

- Hoof Uitvoerende Beampte (kontrakpos)
- Senior administratiewe beampte (permanent)
- Sekretaresse (permanent)
- Finansiële beampte (6/8ste pos) (permanent)
- Assistent vir die kantoor en die museum (permanent)

#### **3.2 Ledetal:**

Nagenoeg 960, hoofsaaklik akademiese en/of professionele mense. Lidmaatskap is steeds selektief. 'n M-graad is 'n norm, maar ander verdienstelike vereistes, byvoorbeeld prestasie in die kunste word eweneens in aanmerking geneem.

#### **3.3 Vergaderings van die Akademiesraad**

Die Akademiesraad het die afgelope verslagtydperk drie keer vergader:

28 Junie 2013

11 September 2013

18 November 2013

#### **3.4 Werkgemeenskappe**

Vyf Werkgemeenskappe van die SA Akademie te Pretoria, Potchefstroom, Bloemfontein/Vrystaat, Oos-Kaapland en Stellenbosch/Kaapstad (Wes-Kaap) is steeds aktief en vergader op gesette tye.

#### **3.5 Internasionalisering**

Die proses van internasionalisering van die SA Akademie het 'n hupstoot gekry toe in Mei 'n samewerkingsooreenkoms met die Koninklike Vlaamse Akademie voor Wetenskappen en Kunste in Brussel (KVAB) gesluit is en op 16 Oktober 2013 so 'n ooreenkoms met die Koninklike Akademie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde (KANTL) in Gent. Dit is voorbeelde van die proses om die SA Akademie te internasionaliseer en op die wêreldverhoog te plaas.

#### **3.6 Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA)**

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) het ten doel om digitale hulpbronne van, kennis oor en tegnologie-gebaseerde dienste vir Afrikaans in 'n virtuele netwerk te ontwikkel en beskikbaar te stel tot voordeel van die Afrikaanse gemeenskap. Uiteindelik sal VivA 'n internasionaal erkende instituut vir die beskrywing en bestudering van Afrikaans in sy volle omvang wees. Dié multimiljoenrandprojek is 'n inisiatief van die SA Akademie in vennootskap met verskeie plaaslike en internasionale universiteite, instellings en befonders en word onderskryf deur die Afrikaanse Taalraad (ATR) en die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT).

Gedurende 2013 is borgskappe ter waarde van R7 miljoen bekom (R2 miljoen per jaar by die Dagbreek Trust en R1 miljoen by Noordwes-Universiteit vir 5 jaar, 'n bedrag van R5 000 is deur Fonds Neerlandistiek aan die projek toegewys, terwyl die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) van die Noordwes-Universiteit, R10 000 saadgeld geskenk het). 'n Uitgebreide sakeplan, ondersteun deur marknavorsing is gedurende Augustus/September 2013 opgestel. Dié sakeplan word tans aangewend om 'n verdere R25 miljoen in te samel.

Na alle verwagting sal die projek amptelik gedurende 2014 afskop. Instellings wat reeds verbind is tot samewerking met VivA is Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Wes-Kaapland en die Meertens Instituut in Amsterdam (Nederland). Formele ooreenkomste sal vanaf 2014 met al dié instellings gesluit word.

### **3.7 Engelenburghuis**

'n Koper kon nie vir Engelenburghuis gevind word nie. Ander opsies is oorweeg, waaronder moontlike aanbouing by die bestaande huis.

### **3.8 Die SA Akademie transformeer/vernuwe/omvorm**

Die SA Akademie as liggaam beplan om in die toekoms die demografie van die Afrikaanse gemeenskap meer te verteenwoordig. Akademielede, ook in individuele en persoonlike verband, en Werkgemeenskappe se steun word gevra. Daar moet gekyk word na die wyse waarop die Akademie as liggaam geposisioneer word. Kernvrae is of die regte dinge op die regte manier en op die regte tyd gedoen word en die lede van die SA Akademie asook die Raad word versoek om deurlopend hieroor te besin.

Die Raad het goedgekeur dat 'n ad hoc-kommissie onder leiding van die voorsitter moontlikhede sal ondersoek in verband met transformasie/hernuwing/vernuwing en met voorstelle na die Raad sal kom oor die moontlike praktiese implementering hiervan.

### **3.9 Nuwe pryse**

#### **3.9.1 Deleen Bekkerprys vir die beste TV-drama, dokumentêre program of rolprent-draaiboek**

'n Nuwe prestigeprys, die Deleen Bekkerprys, sal vanaf 2014 afwisselend vir die beste TV-drama, dokumentêre program of rolprentdraaiboek in Afrikaans in die voorafgaande drie jaar (dit moet gebeeldsend of vertoon wees) ingestel word. Die prys bestaan uit 'n 9 kt.-goue medalje en 'n jaarlikse prysgeld van R50 000.

#### **3.9.2 Protea Boekhuisprys vir Geskiedenis**

Protea Boekhuis het jaarliks R10 000 beskikbaar gestel vir die beste geskiedenis- of kultuur-geskiedenisverhandeling, proefskrif of gepubliseerde werk in Afrikaans. Dit word op rotasiebasis toegeken. In 2014 kom die beste verhandeling aan die beurt; 2015 die beste proefskrif; en 2016 die beste publikasie. Die prys sal tydens die bekroningsfunksies van die Akademie oorhandig word.



### 3.9.3 Einde van Elisabeth Eybersbeurs na 20 jaar

Die Elisabeth Eybersbeurs sal in 2014 vir die laaste keer toegeken word omdat die borg besluit het om die beurs na 20 jaar te staak.

Die Akademie is baie dankbaar, ook namens die beurswenner van die afgelope jare, vir die geleentheid wat vir navorsers, studente en dosente geskep was, om op die wyse taal- en kultuurbande tussen Nederland en Suid-Afrika te bevorder en te versterk.

### 3.10 Die SA Akademie en die Afrikaanse Taalraad (ATR) werk nou saam in die belang van Afrikaans

Die ATR het op 9 Augustus 2013 'n vrouedaggeleentheid met die tema *Vrouedag, Vrouekrag!* by die Studentesentrum van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie in Wellington aangebied. Nagenoeg 150 vroue van ledeorganisasies en ander instansies het die geleentheid bygewoon.

Die ATR se jaarvergadering en simposium, *Afrikaans op pad na 2020* is op 18 en 19 Oktober in die Paarl gehou. Sprekers was dr. J. van Zyl (Sanlam), mnr. W. Pelsler (*Rapport*), dr. D.J. Titus (ATKV), dr. T. Eloff (NWU) en die ATR-voorsitter, dr. M.L. le Cordeur.

Die ATR het in 2013 sy eerste Kokerpryse uitgedeel. Drie pryse is toegeken onder die hofies *bevorder, bemagtig, beskerm*. Mnre. Ton Vosloo, Cerneels Lourens en die digter-professor Adam Small was die bekroondes. 'n Spesiale erepenning is ook oorhandig aan mnr. Bonfa Dlamini, 'n onderwyser van Dundee, vir sy aandeel in die bevordering van Afrikaans in sy omgewing en leerders van sy skool.

### 3.11 Publikasies deur lede

Die SA Akademie gee graag erkenning aan sy lede vir publikasies (sien Nuusbriewe van die SA Akademie in die verband vir die volledige inligting).

- 'n Beroep word weer op lede gemaak om alle publikasies in tydskrifte of boeke onder die aandag van die kantoor te bring. Stuur asseblief alle inligting na [nellie@akademie.co.za](mailto:nellie@akademie.co.za).

### 3.12 Tydskrifte

#### 3.12.1 Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)

Die volgende punte word in die verslag behandel:

- *Artikels ontvang en gepubliseer*
- *SA Akademieprys*
- *Hersamestelling van die Redaksie en Redaksionele Adviesrade*
- *Vergadering van NSEF en Werkswinkel van SciELO*
- *Verdere versoek om die TGW deur AOSIS uit te gee*
- *Die toekoms van Afrikaans as wetenskapstaal*

- **Artikels ontvang en gepubliseer**

Die volgende uitgawes is afgehandel:

**Jaargang 53, Nommer 2 (Junie 2013)**

8 artikels gewy aan die spesiale tema *Stefans Grové 90* – gasredakteur, prof. I.J. (Izak) Grové.

**Jaargang 53, Nommer 3 (September 2013)**

15 artikels, met onder meer drie artikels oor *Die Groot Trek: 175 jaar* – uitgesoek deur prof. F. (Fransjohan) Pretorius.

**Jaargang 53, Nommer 4 (Desember 2013)**

Artikels oor die stand van die **Geesteswetenskappe**, saamgestel deur prof. C.S. (Fanie) de Beer. Hierdie sestal artikels verteenwoordig 'n "verdere besinning oor gees, geestelikheid en die geestelike" en is die uitvloeisel van 'n minisimposium wat deur prof. De Beer georganiseer is. Die tweede afdeling van hierdie uitgawe bevat nog ses artikels oor allerlei onderwerpe, asook twee resensies.

Ten spyte van streng keuring (en sterk mededinging deur bv. *LitNet*), lyk dit asof die TGW jaarliks steeds genoegsame artikels publiseer. Waar daar in 2010 altesaam 32 artikels geplaas is (dus gemiddeld 8 per uitgawe), word daar vanaf 2011 'n gemiddeld van 10 of meer artikels per uitgawe gehandhaaf – 2011 (41), 2012 (46) en 2013 (43).

- **SA Akademieprys**

41 artikels wat gedurende 2011 gepubliseer is, moes oorweeg word. Die volgende prosedure is gevolg: (i) alle artikels is aanvanklik deur die redakteur volgens vakdisipline gelys en, met inagneming van keurdersverslae, 'n gradering van 1 (uitstekend), 2 (baie goed) of 3 (aanvaarbaar) toegeken; (ii) met die hulp van twee redaksielede (proff. J. van der Elst en P. Fourie) is 'n kort lys van 10 uit kategorie 1 saamgestel; (iii) daarna het elke lid afsonderlik drie artikels in voorkeurorde geplaas en (iv) op grond hiervan is die uiteindelijke keuse van die volgende twee artikels, in orde van voorkeur, deur die redakteur bepaal:

**Danie Goosen:** 'Die Teoretiese Lewe. Perspektiewe vanuit die Tradisie' / *Theoretical Life. Perspectives from Tradition*. Desember 2011.

*Kommentaar:* Belangwekkende besinning oor die verskuiwing vanaf teoretiese na praktiese kwessies in die hedendaagse (postmoderne of ekonomiese) universiteitswese, met die klem op praktiese uitdagings (bestuur, strategiese beplanning, bemarking, ens.) ten koste van wat die tradisie (klassieke akademie, Middeleeuse klooster, moderne universiteit) as die "teoretiese lewe" beskou het. Slotsom van artikel: Verwaarlosing van die teoretiese sal lei tot verdere agteruitgang van die universiteitswese – "sonder 'n verbintenis tot die teoretiese lewe sal hy homself nog as 'n produktiewe deel van die kennisindustrie kan beskryf, maar kwalik as 'n 'universiteit'".

- **Hersamestelling van die Redaksie en Redaksionele Adviesrade**

Volledige lys van 1) lede wat verskuif of afgehaal word, 2) aansoeke ontvang of nuwe lede gewerf en 3) voorgestelde samestelling van die redaksie en die nasionale en internasionale redaksierade is tydens die September-raadsvergadering oorweeg en gefinaliseer. Uitnodigings- en of bedankingsbriewe is deur die Akademiekantoor uitgestuur en die nuutsaamgestelde redaksie(rade) is in die Desemberuitgawe opgeneem.

- **Vergadering van NSEF en Werkswinkel van SciELO**

Die 7de jaarlikse vergadering van die *National Scholarly Editors' Forum* (NSEF) is op 23 Julie 2013 by die WNNR gehou; dit is voorafgegaan deur 'n SciELO-werkswinkel vir redakteurs van die 26 tydskrifte wat reeds op die SciELO-platform gelaai is.

**SciELO SA Editor's Users Group Meeting – 22 Julie**

Afgesien van vorderingsverslae en 'n verduideliking van hoe inligting ten opsigte van tydskrifte, outeurs en artikels ontsluit kan word, is onderwerpe soos kopiëreg ("Creative Commons licensing"), die waarde van sigbaarheid en die impak van tydskrifte in die SciELO-versameling bespreek. Die laaste onderwerp is deur mnr. Abel Packer, die Hoof Uitvoerende Beampte van SciELO Brasilië hanteer. Alle voorleggings is elektronies beskikbaar gestel aan die persone wat die werkswinkel bygewoon het.

Probleme wat geïdentifiseer is, is onder meer die voorkeur wat universiteite heg aan hoë impak vaktydskrifte ten koste van die bevordering van plaaslike publikasies. Samehangend hiermee is kritiese vrae gestel oor die uitsluitlike steun op bibliometriese gegewens om die gehalte van navorsing, of die status van navorsers te "meet". Hierdie onderwerp is die volgende dag weer in 'n voorlegging bespreek en dit word ook vanuit verskeie hoeke in die jongste SciELO-nuusbrief belig. Hopelik is dit die begin van 'n besinning oor gehaltenavorsing en die gevaar van reduksionistiese metingsmeganismes.

Nietemin: In Packer se opsomming van die ongeveer 10 SA tydskrifte op die SciELO-platform wat die beste "presteer" t.o.v. die getal plaaslike en internasionale aanhalings (18) en die gevolglike impakfaktor (0.0833), verskyn die TGW ongeveer in die middel en die beste van die Afrikaanse titels op die lys. (Die volgende dag op die NSEF-vergadering was daar 'n vraag oor sitasies in 'n ander taal as Engels en of die bibliometriese meganismes van die WoK/WoS (Thomson) inderdaad hiervoor voorsiening maak.)

**Vergadering van NSEF**

Vanjaar is die vergadering oorheers deur die formele bekendstelling van SciELO SA, wat die vorige aand tydens 'n spogdinee belig is. Op die vergadering self het mnr. Abel Packer sy voordrag van die vorige dag herhaal, en referate is ook gelewer oor verdere aspekte van die sigbaarheid van tydskrifte op die SciELO-platform, asook die belangrikheid van die inskakeling by Thomson se WoK en WoS, asook die beperkinge van 'n impakfaktor wat nie onderskei tussen ongelyke bydraes binne tydskrifte met 'n hoë impakfaktor nie.

Plaaslik is 'n belangrike ontwikkeling dat 'n voorstel vanaf die vloer aanvaar is vir groter seggenskap van redakteurs in die werksaamhede van die NSEF; sekere voorgestelde veranderinge aan die konstitusie sal deur 'n komitee verfynd word.

'n Verdere belangrike aankondiging (deur prof. Wieland Gevers) is dat die DNO blykbaar afgesien het van die voorneme om tydskrifte slegs vir 'n tydperk van 5 jaar op die lys van nasionaal-geakkrediteerde tydskrifte te hou, onderhewig aan die vereiste dat hulle binne daardie tydperk internasionale indeksering moet verkry.

Prof. Gevers het ook gerapporteer dat vordering gemaak is met ASSAf se herevaluering van tydskrifte – teologiese dissiplines is afgehandel (en *Koers* is gevolglik op die SciELO-platform geplaas), maar die panele vir die beoordeling van bv. literêre tydskrifte in die menswetenskappe ("humanities") moet nog realiseer.

- **Verdere versoek om die TGW deur AOSIS uit te gee**

Tydens die Septembervergadering van die Akademieraad is 'n formele voorlegging van mnr. Pierre de Villiers om ook die TGW digitaal uit te gee, aangehoor. Na die besluit op die September-vergadering (AR-notule, 25.1) dat die status quo vir die TGW behoue bly, het mnr. De Villiers 'n kompromisvoorstel voorgelê (e-pos aan die HUB, 1 Oktober): "Ten einde die volgende stap minder bedreigend te maak is ons bereid dat die redakteur voortgaan met die manuskrip bestuur tot en met bladuitleg (m.a.w. portuurevaluering en teksredigering bestuur) en ook die teksredigering self behartig. Dit sal 'n 45% kostebesparing op TGW se bladkoste teweegbring."

In 'n e-pos aan die HUB (2 Oktober) het die redakteur die standpunte teen "oorgawe" aan AOSIS kortliks herhaal: (i) AOSIS bied niks meer as wat die TGW reeds het nie – gedrukte publikasie en formeel erkende (ASSAf) gratis digitale sigbaarheid op die SciELO-webwerf, gekoppel aan die ISI-portaal; (ii) 'n bykomende digitale publikasie is onnodig, aangesien die gedrukte publikasie reeds nasionale en internasionale erkenning en (digitale) sigbaarheid geniet. Die September-raadsbesluit is gehandhaaf.

- **Die toekoms van Afrikaans as wetenskapstaal:**

Die volgende voorstel is tydens die September-vergadering ter tafel gelê:

***Dat die Akademieraad 'n formele werkgroep of komitee saamstel om die gehalte van Afrikaans as wetenskapstaal, by name in die geesteswetenskappe, daadwerklik te bevorder; dat die werkgroep of komitee saamgestel word uit sowel taalspesialiste as kundiges uit verskillende dissiplines; dat die Redaksie en Redaksionele Adviesraad van die Tydskrif vir Geesteswetenskappe formeel by 'n dergelike inisiatief betrek word.***

**Motivering:**

Tydens die strategiese sessie van die Akademieraad op 11 Mei 2012 is die volgende behoefte geïdentifiseer:

Die gehalte van Afrikaans as wetenskapstaal wek kommer. Waarskynlik omdat byna alle outeurs ook in Engels publiseer en ook omdat die skepping van Afrikaanse vakterminologie nie tred gehou het met nuwe ontwikkelings in verskeie dissiplines nie, is daar dikwels 'n neiging om die Afrikaanse term so na as moontlik aan die Engelse ekwivalent te hou. Alhoewel hierdie praktyk moontlik kommunikasie tussen vakgenote bevorder, geskied dit nietemin ten koste van die gebruik van Afrikaans in sy sogenaamde "hoëvlakfunksies".

Bogenoemde is 'n probleem wat dieper sny as bloot redigering van die taalgebruik met betrekking tot spelling, leestekengebruik of sinsbou. Die redakteur sorg vir finale redigering nadat alle artikels in ieder geval deur 'n erkende taalpraktisyn gelees is. Ten einde te verseker dat Afrikaans nie stagneer (of selfs verswak) op tersiêre vlak nie, sal oplossings gevind moet word om die moontlikhede van Afrikaans vir alle vakgebiede deurlopend te ontgin.

Mnr. J.D. (Tom) McLachlan het onlangs op versoek van die FAK 'n artikel met die volgende veelseggende titel geskryf: "Moet 'n mens Engels ken om Afrikaans te verstaan?" Veral die volgende opmerking het myns insiens ook betrekking op wetenskapstaal: "Nog gevaarliker [as die gebruik van Engelse woorde in Afrikaanse gesprekke en onderhoude in die openbare media] is die inkleding van wesenlik Engelse segswyses in Afrikaanse woorde, waardeur die skyn van Afrikaansheid gewek maar idiomatiese Afrikaans verdring word." Dit is juis laasgenoemde probleem wat toenemend in artikels uit verskillende vakdissiplines in die TGW opgemerk word.

Hierdie, myns insiens, reële bedreiging vir Afrikaans verg daadwerklike optrede deur 'n span interdissiplinêre kundiges. Tot dusver het die redakteur sporadies gevalle van ontoepaslike, onduidelike en selfs foutiewe vertaling of "verafrikaansing" van vakterminologie met outeurs opgeneem. Mnr. McLachlan is ook uitgenooi om as Taaladviseur tot die redaksie toe te tree, voorlopig om raadgewend behulpsaam te wees wanneer besin moet word oor gevalle van verdagte terminologie en ook om van tyd tot tyd in 'n taalrubriek problematiese gevalle te bespreek. Dergelyke maatreëls is egter hoogstens lapwerk – vir die behoud en ontwikkeling van Afrikaans as gesaghebbende wetenskapstaal sal op 'n deurdagte wyse en doelgerig te werk gegaan moet word. Alhoewel opsetlik afgestem op 'n spesifieke terrein sal 'n werkgroep of komitee vanselfsprekend kennis moet neem van ander inisiatiewe (Taalkommissie, WAT) en indien moontlik moet saamwerk met ander instansies – dalk 'n gesamentlike projek vir die Akademie se vaktydskrifte en *LitNet*?

Ter opvolging van die bogenoemde is probeer om 'n vergadering met prof. Etienne van Heerden te belê. 'n Vergadering met me. Naomi Bruwer, die Inhoudsbestuurder van *LitNet*, het wel gedurende November by die Akademiekantoor plaasgevind. Die uitvloeisel hiervan is die instelling van die rubriek "Gespieerde Afrikaans" op *LitNet* wat ondersteun word deur die TGW.

**Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe**  
**Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)***

### 3.12.2 SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT)

Die suksesvolle omskakeling van die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT) na 'n ooptoegang-tydskrif, is gedurende 2013 finaal bevestig sedert die Raad van die SA Akademie die waagmoedige stap geneem het om die SATNT elektronies aan te bied en die bladgelde uit donasies te betaal. Gedurende die eerste jaar van die nuwe bedeling in 2011 was daar heelwat ontwikkelingsprobleme en in die volgende jaar was daar 'n oorloop van veral kongresopsommings, met die gevolg dat daar 257 bladsye gepubliseer is. Die vraag was of daar voldoende verdere aanbiedings sou wees gedurende 2013. Veral as gevolg van die inisiatief van die Uitvoerende Redakteur (prof. Kobus Eloff) en die Mede-Uitvoerende Redakteur, prof. Kobus Maree om spesiale temas te identifiseer en te organiseer, was daar 'n groot aanbod van goeie manuskripte. Omdat ons nie graag dieselfde tema se manuskripte in twee verskillende volumes wou plaas nie, het die Raad goedgeunstiglik addisionele fondse beskikbaar gemaak. Die groei gedurende die eerste drie jaar is duidelik uit die volgende tabel.

| Jaar | artikels | kongresbydraes | bladsye |
|------|----------|----------------|---------|
| 2011 | 5        | 18             | 52      |
| 2012 | 23       | 59             | 257     |
| 2013 | 31       | 84             | 325     |

Dit wil dus voorkom asof die oorgang na 'n ooptoegang-tydskrif suksesvol is en dat die toekoms van die SATNT en natuurwetenskaplike publikasies in Afrikaans rooskleurig is.

Om te verseker dat net hoë gehalte kongresopsommings gepubliseer word en dat die beskikbare ruimte (een bladsy) per opsomming goed gebruik word, sal opsommings deur die organiseerders van studentesimposiums gekeur word en is nuwe voorskrifte vir die samestelling van opsommings opgestel.

Die Akademiesraad het ook besluit om addisionele fondse beskikbaar te maak sodat die gedrukte kopie in A4-formaat gedruk en versprei kon word in plaas van A5-formaat soos die eerste twee jaar.

Vir die voortgesette subsidiëring van universiteite deur die Departement van Nasionale Opvoeding en Onderrig vir publikasies in die SATNT, sal aanvaarding in die Thomson Reuters ISI-groep van groot belang wees. Ons het reeds aansoek gedoen vir insluiting by die ISI-lis. Een van die voorwaardes wat die ASSAf-komitee gestel het vir tydskrifte, is dat die Redaksieraad van tyd tot tyd hersien moet word en dat die samestelling deursigtig moet wees. Alle lede van die Akademie is derhalwe uitgenooi om aansoek te doen om op die Redaksieraad van die SATNT te dien en CV's in te stuur. Daarna is 'n aantal mense uitgenooi om aansoek te doen waar daar leemtes was. 'n Nuwe Redaksieraad is soos volg:

| Naam               | Epos adres   | Afdeling                    | Tuiste         | Spesialisgebied               |
|--------------------|--|-----------------------------|----------------|-------------------------------|
| Kobus Eloff        | kobus.eloff@up.ac.za   | Uitvoerende Redakteur       | Pretoria       | Plantbiochemie                |
| Kobus Maree        | kobus.maree@up.ac.za   | Mede Uitvoerende Redakteur  | Pretoria       | Wiskunde Opvoedkunde          |
| Annemarie Oldewage | aoldewage@uj.ac.za   | Biologiese Wetenskappe      | Johannesburg   | Dierkunde                     |
| Gert Kruger        | Gert.Kruger@nwu.ac.za  | Biologiese Wetenskappe      | Potchefstroom  | Plantkunde                    |
| Reinette Snyman    | <a href="mailto:snymanr@cput.ac.za">snymanr@cput.ac.za</a>                     | Biologiese Wetenskappe      | Kaapstad       | Dierkunde                     |
| Eugene Cloete      | eugencloete@sun.ac.za  | Biologiese Wetenskappe      | Stellenbosch   | Mikrobiologie                 |
| Annie Joubert      | annie.joubert@up.ac.za   | Biologiese Wetenskappe      | Pretoria       | Fisiologie                    |
| George du Toit     | dutoitg@worldonline.co.za  | Mediese Wetenskappe         | Stellenbosch   | Ginekologie                   |
| Mariëtte Lowes     | mariette.Lowes@nwu.ac.za   | Mediese Wetenskappe         | Potchefstroom  | Farmaseutiese Wetenskappe     |
| Oppel Greeff       | oppel.greeff@up.ac.za  | Mediese Wetenskappe         | Pretoria       | Farmakologie                  |
| Japie Engelbrecht  | <a href="mailto:Japie.Engelbrecht@nmmu.ac.za">Japie.Engelbrecht@nmmu.ac.za</a> | Fisies Chemie-Wiskundige    | Port Elizabeth | Fisika                        |
| Heinz Jacobs       | hejacobs@sun.ac.za   | Fisies Chemie-Wiskundige    | Stellenbosch   | Ingenieurswese                |
| Frederick Roelofse | roelofsef@ufs.ac.za  | Fisies Chemie-Wiskundige    | Bloemfontein   | Geologie                      |
| Cassie Carstens    | Cassie.Carstens@necsa.co.za  | Fisies Chemie-Wiskundige    | Pretoria       | Chemie                        |
| Marthie v.d. Walt  | <a href="mailto:Marthie.VanDerWalt@nwu.ac.za">Marthie.VanDerWalt@nwu.ac.za</a> | Opvoedkunde Diverse         | Potchefstroom  | Wiskunde-onderrig             |
| Lesley Legrange    | llg@sun.ac.za  | Opvoedkunde Diverse         | Stellenbosch   | Biologie                      |
| Gawie du Toit      | <a href="mailto:dutoitgf@ufs.ac.za">dutoitgf@ufs.ac.za</a>                     | Opvoedkunde Diverse         | Bloemfontein   | Wiskunde/ Fisiese Wetenskappe |
| William Fraser     | william.fraser@p.ac.za   | Opvoedkunde Diverse         | Pretoria       | Opvoedkunde                   |
| Jacques Pietersen  | Jacques.Pietersen@nmmu.ac.za   | Opvoedkunde Diverse         | Port Elizabeth | Statistiek                    |
| Annemarie Hattingh | annemarie.hattingh@uct.ac.za   | Opvoedkunde Diverse         | Kaapstad       | Wiskunde/ Fisiese Wetenskappe |
| Ampshalwe          |  |                             |                |                               |
| Dionē Prinsloo     | dprinsloo@akademie.co.za   | HUB SA Akademie             | Pretoria       |                               |
| Wannie Carstens    | wannie.carstens@unw.ac.za  | Voorsitter Raad SA Akademie | Potchefstroom  |                               |

Ons beplan om voort te gaan met die uitnodiging aan wetenskaplikes om manuskripte vir geïdentifiseerde temas aan te bied waarmee ons sulke uitstaande sukses gehad het.

Ek bedank graag die lede van die vorige Redaksiekomitee vir hulle hulp, die lede van die nuwe Redaksieraad vir hulle bereidheid om te help, die Akademiesraad en personeel vir ondersteuning en vir AOSIS vir baie professionele en vriendelike diens. Na 15 jaar as diens as die Uitvoerende Redakteur van die SATNT deur die oorgangsperiode, is dit tyd dat die leiers oorgeneem word en prof. Kobus Maree sal die rol deur die loop van 2014 oorneem. Op versoek van die Raad sal ek nog vir geruime tyd aanbly as Mede-Uitvoerende Redakteur.

*Kobus Eloff*

**Prof. J.N. (Kobus) Eloff**  
**Uitvoerende Redakteur: SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie**

### 3.13 Poortkompetisie vir kreatiewe skryfwerk deur graad 10-, 11- en 12-leerders

Die jaarlikse **POORT**-skryfkompetisie vir 2013 was besonder suksesvol met 359 inskrywings uit 56 skole. Skole van oraloor in die land en in Namibië het deelgeneem.

#### Die wenner was:

- **Poësie:** Tanita Permaul van Westville Girls' High School met haar gedig *Ver liefde*.
- **Prosa:** Sisca Julius van die Hoërskool Noord-Kaap met haar skryfstuk *Ons bure is huigelaars*.

**Keurders:** Prof. Thys Human (Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit) en prof. Bernard Odendaal (ATKV-Skryfskool, Noordwes-Universiteit). Mev. Ina van Schalkwyk is die organiseerder van die Poortkompetisie wat deur Nedbank en die PUK-Kanselierstrust geborg word.

**Poort in Braille-formaat:** 'n Opwindende uitvloeisel van 2013 se POORT-Skryfkompetisie is dat POORT in Braille gedruk is. Jaarliks is van die Poort-finaliste gesiggestremd. Hierdie projek sal hopelik volhoubaar kan wees met die nodige borgskap om dit verder te finansier.

**Skrywer-Slypskool by die Universiteit van die Vrystaat:** Op 8 tot 10 Julie 2013 is die slypskool vir die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Nasionale Poort-skryfwedstryd aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat. Tydens hierdie slypskool het die skrywer Alexander Strachan en die digter-akademikus Hennie van Coller as aanbieders opgetree. Tien leerders van dwarsoor die land het die slypskool op uitnodiging bygewoon.

### 3.14 Die Taalkommissie

Die Taalkommissie (TK) is al sedert 1917 aktief betrokke by die standaardisering van Afrikaans. Die TK het in September 2013 vergader. Opdatering van die AWS geskied gereeld. Mnr. Tom McLachlan, die voorsitter van die TK, het bedank en prof. Gerhard van Huyssteen tree op as waarnemende voorsitter. 'n E-uitgawe van die AWS word in die vooruitsig gestel.

Die TK is besig met 'n ambisieuse projek wat fokus op Afrikaans as digitale taal. Die te stigte Virtuele Instituut van Afrikaans (VivA) wil onder andere 'n mobiele aanlynweergawe van die AWS tot beskikking van alle gebruikers stel, selfs op hulle selfone, en verkieslik gratis (sien 3.6, bl. 4).

### 3.15 Simposium 2013

Die Akademie se jaarlikse Wetenskapsimposium was in September 2013 in Stellenbosch met as tema: *Rasionele benutting van Suid-Afrika se menslike en natuurlike hulpbronne*.

### 3.16 Simposiums in die Natuurwetenskappe

#### 3.16.1 Studentesimposium

Die interdisiplinêre simposium vir nagraadse studente in die natuurwetenskappe is 'n jaarlikse geleentheid. Die simposium is in samewerking met die Departement Chemiese Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria van 7 tot 8 November 2013 aangebied. Hierdie simposium



bevorder inter- en multidisziplinêre kontak, bied geleentheid aan studente om aanbiedings in Afrikaans te maak en dien dikwels as eerste forum waar jonger wetenskaplikes optree.

Die simposium het Donderdagaand 7 November afgeskop met 'n openingsfunksie waartydens prof. E. Rohwer (Hoof: Departement Chemie, UP) as spreker opgetree het. Daarna het die aanwesiges 'n heerlike vingerete geniet. Die simposium is Vrydagoggend 8 November amptelik deur mnr. Rudi Pretorius (SA Akademie/Unisa) en prof. P.L. de Vaal (Hoof: Departement Chemiese Ingenieurswese, UP) geopen. Dit is gevolg deur praatjies oor patentering en verwante kwessies deur twee verteenwoordigers van die simposiumborger: mnre. J. Theunissen (D.M. Kisch Ingelyf) en P. Visagie (Adams & Adams). Gedurende die dag was daar 29 praatjies deur studente vanuit 'n verskeidenheid dissiplines, onder andere: Fisika, Chemie, Inligtingstegnologie en die Wiskundige- en Omgewingswetenskappe. Studente van sover as Stellenbosch, Bloemfontein en Potchefstroom het ook deelgeneem.

### **3.16.2 Simposium Biologiese Wetenskappe**

Die simposium vir Biologiese Wetenskappe is op 16 Oktober 2013 by die Groenkloof-kampus van die Universiteit van Pretoria gehou. Studente van oraloor het deelgeneem.

## **3.17 Projekte**

### **3.17.1 Plakkate vir skole**

Die Akademie het die bestaande plakkate van die Hertzogprys, Dalene Matthee, Adam Small, Elisabeth Eybers, NP van Wyk Louw en Ingrid Jonker weer te koop aangebied. 'n Nuwe plakkaat, Antjie Krog, is ontwerp en gedruk. Mev. Ina van Schalkwyk sal die reeks in die toekoms hanteer.

### **3.17.2 Woordeboeke**

Die *Kunswoordeboek: Engels-Afrikaans* is na tien jaar deur 'n klein span kunskeners voltooi. Die *Afrikaans-Engelse* deel is ook afgehandel. Dr. Nicol Stassen van Protea Uitgewers sal 'n gedrukte uitgawe publiseer.

### **3.17.3 Geskiedenisboek**

Die vertaling van die Geskiedeniskommissie se publikasie *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* onder redakteurskap van prof. Fransjohan Pretorius, is deur dr. Bridget Theron in Engels vertaal en die boek sal vroeg in 2014 deur Protea Uitgewers uitgegee word. Tans word nog na 'n borg gesoek om dit vir die Akademie moontlik te maak om ook die Engelse vertaling gratis aan hoërskole uit te deel.

## **3.18 Die Hertzoggedenklesing**

Volgens tradisie bied die SA Akademie jaarliks die Hertzoggedenklesing aan. Op 19 September 2013 was dr. Lindie Koorts die spreker en die tema was: *Dr. D.F. Malan en die begin van die Nasionale Party*.

## **3.19 Wiskunde-aksie vir Klein Einsteins**

Die SA Akademie het in samewerking met die Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde-onderwysers (VAW), weer 'n Wiskunde-Aksie aangebied. Die Aksie het ten doel om die "Einsteins" van die

skole in Pretoria en omgewing te identifiseer wat na 'n kamp genooi word. Op die kamp is hulle onderrig en gelei deur dr. Danie Brink van die VAW.

In 2013 het 36 skole en ongeveer 733 leerders deelgeneem. Slegs die top 20-leerders in graad 6 en graad 7 van elke skool het ingeskryf.

Die SA Akademie het op 9 November 2013 'n pretdag aangebied waarheen die toppresterders en hul ouers genooi is en die leerders pryse in ontvangs geneem het. Prof. Gideon Kühn het die leerders oor kriptografie (geheime skrif) ingelig en hulle het aan allerlei wiskundige speletjies deelgeneem.

### 3.20 Bekronings 2013

Toekennings vir prestasies in die wetenskap en die kunste is by twee geleenthede in Pretoria (27 Junie) en Stellenbosch (13 September) aan uitnemende Suid-Afrikaners uitgereik.

Die volgende toekennings is gemaak:

- *Hertzogprys* aan Ingrid Winterbach
- *Eugène Maraisprys* aan Hennie Nortjé
- *Alba Bouwerprys vir Kinderliteratuur* aan Elizabeth Wasserman
- *Scheepersprys vir Jeugliteratuur* aan Derick van der Walt
- *Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie* aan prof. T.E. Cloete
- *Ds. Pieter van Drimmelenmedalje* aan prof. A.P.B. Breytenbach
- *Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek* aan prof. W.D. Viljoen
- *Stalsprys vir Geskiedwetenskappe* aan prof. A.M. Grundlingh
- *Stalsprys vir Ekonomie* aan prof. P.J. Mohr
- *Havengapryse vir Lewenswetenskappe* aan prof. D.M. Richardson
- *Stalsprys vir Toekomskunde* aan prof. P.H. Spies
- *Havengapryse vir Gesondheidswetenskappe* aan prof. T.F. Kruger
- *D.F. Malanmedalje* aan prof. J. de V. Lochner
- *N.P. van Wyk Louwmedalje* aan prof. H.B. Giliomee
- *M.T. Steynmedalje* aan prof. P.S. Steyn
- *Douw Greeff-prys* aan prof. Francois Durand en mede-outeurs
- *Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje vir Plantkundige Wetenskappe* aan mnr. C.C.W. Scheepers
- *Erepenning vir Visuele Kunste* (beeldhou- en skilderkuns) aan Deborah M. Bell
- *Besondere Erepenning* aan mev. C.J. Schumann-Bosman
- *Erepenning vir TV-drama in Afrikaans* aan Regardt van den Bergh
- *Erepenning vir Rolprentkuns* aan Marié du Toit
- *Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek* aan prof. H.M. Roos
- *Stalsprys vir Politieke Wetenskap* aan prof. G.C. Olivier
- *Frans du Toit-medalje vir Bedryfsleiding* aan dr. Koos Bekker
- *Elisabeth Eybersbeurs* aan prof. Pamela Pattynama
- *PUK-Kanselierstrustprys vir Poësie* aan Tanita Permaul van die Westville Girls' High School, Westville

- PUK-Kanselierstrustprys vir Prosa aan Sisca Julius van die Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley

### 3.21 ATKV-SA Akademieprys 2013

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe wat ingenieurswese en mediese wetenskappe insluit. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses.

In 2013 is die beste artikels wat in 2011 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, beoordeel. Daar is 17 artikels uit 11 tydskrifte voorgelê.

Die persone wat pryse wen is soos volg:

#### Geesteswetenskappe:

- Prof. André Wessels van die Universiteit Vrystaat vir sy artikel *Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Afrikaanse letterkunde: 'n geheelperspektief* wat in *Die Joernaal vir Transdissiplinêre navorsing in Suider-Afrika*, 7(2), Desember 2011 verskyn het.
- Prof. O.J.O. Ferreira, emeritus professor van die Universiteit van Pretoria vir *Neerslag van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Portugese geskiedskrywing* wat in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Vol./Jg. 36, no. 2, September 2011 verskyn het.
- Prof. Helize van Vuuren, van die NMMU vir "*n Almanak van klippe*": *Laatwerk en Breyten Breytenbach se "Die beginsel van stof (laat-verse, sprinkaanskaduwees, aandtekening)*" wat op *LitNet Akademies*, jg. 8(3), Desember 2011 verskyn het.
- Prof. D.F.M. Strauss van die Universiteit van die Vrystaat vir sy artikel *(Oor)afstelbaarheid* wat in *Koers*, 76(4), 2011 verskyn het.

#### Natuurwetenskappe:

- Mej. A. Marais, Mej. M. Booyse, dr. M.I. Ferreira en prof. A. Botha van die Dept. Landbou, Elsenburg, Wes-Kaap en Universiteit van Stellenbosch vir hulle artikel *Die uitwerking van die onkruidoder Roundup® op sommige populasies van grondmikrobes* wat in *Die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 30(1), 2011 verskyn het.
- Prof. H.H. Vorster van die Noordwes-Universiteit vir *Die voedingsoorgang in Suid-Afrika: 'n Uitdaging vir verbeterde voeding en die verligting van armoede* wat in *Die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 30(1), 2011 verskyn het.

## **4. KOMMISSIES VAN DIE RAAD**

Drie kommissies en 17 keurkomitees het vergader oor die toekenning van Akademiepryse.

### **4.1 Finansiële kommissie**

Die kommissie bestaan uit die volgende lede: Mnr. P.R. Botha (voorsitter sedert April 2013), proff. J.J. Rossouw, O.B.W. Greeff, mnr. D. Klopper, me. Olga Kotzé, prof. J. van der Elst, dr. Dion Prinsloo en prof. W.A.M. Carstens (ex officio).

### **4.2 Letterkundekommissie**

Die kommissie bestaan uit die volgende lede: Proff. Louise Viljoen (voorsitter), H.P. van Coller, Heilna du Plooy, Helize van Vuuren, H. Ohlhoff, S. van Wyk en W. Burger. Sekundi: Proff. A.G. Visagie en J. Coetser.

**4.2.1** Die tradisionele letterkundepryse waaronder die Hertzogprys is weer toegeken.

**4.2.2** Die Letterkundekommissie het weer vir Breyten Breytenbach voorgestel as 'n kandidaat vir die Nobelprys vir Letterkunde.

### **4.3 Taalkommissie**

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. G.B. van Huyssteen (voorsitter), prof. J. Anker, drr. F. Lombard, Mariëtta Alberts, H. Beyer, prof. F. Hendricks en me. Suléne Pilon (sekretaris).

### **4.4 Geskiedenis-kommissie**

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. F. Pretorius (voorsitter), J. Tempelhoff (ondervoorsitter), A. Wessels, K. du Pisani, Elize van Eeden, O. Terblanche, drr. W. Visser en Dion Prinsloo.

### **4.5 Kommissie vir Uitvoerende Kunste**

Die kommissie is soos volg saamgestel: Mnr. L. van Nierop (voorsitter), proff. N. Luwes, I. Grové, Virginia Davids en mnr. P. Boekkooi.

### **4.6 Onderwyskommissie**

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. Irma Eloff (voorsitter), G.F. du Toit, J. Booyse, drr. H. Davies, P. Edwards, M.L.A. le Cordeur, F.J. Nieuwenhuis en mnr. J. van der Westhuizen.

### **4.7 Kommissie vir Visuele Kunste**

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. A. Duffey (voorsitter), proff. D.J. van den Berg, J. Botha, W. Bester en dr. Lydia de Waal.

## 5. SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD

### 5.1 Blootstelling aan die Media

Die SA Akademie is gedurende 2013 meermale in die gedrukte media vermeld. Die Voorsitter en die HUB het verskeie kere deelgeneem aan radio- en TV-programme. Hier volg 'n opsomming van nuusdekking oor die afgelope tydperk:

|  |                                      |
|--|--------------------------------------|
| <i>Pakt 'n 'deurbraak' vir Afrikaans</i>   | <i>Die Burger, 5 Junie 2013</i>      |
| <i>ATKV moet steun kry vir sy veldtog</i>  | <i>Beeld, 6 Junie 2013</i>           |
| <i>Latyn help studente op talle maniere</i>  | <i>Beeld, 6 Junie 2013</i>           |
| <i>Latyn grondig nodig vir regsbegrip</i>  | <i>Beeld, 7 Junie 2013</i>           |
| <i>'n Lewe (Tielman de Waal oorlede)</i>   | <i>Rapport, 8 Junie 2013</i>         |
| <i>Help só Afrikaans 3de3 ampstaal word</i>  | <i>Beeld, 11 Junie 2013</i>          |
| <i>Kollig-fees se stigter sterf (Koos Kruger)</i>  | <i>Beeld, 22 Junie 2013</i>          |
| <i>Polisie sê nee vir sy Afrikaans</i>   | <i>Beeld, 25 Junie 2013</i>          |
| <i>Surgesigte kry Afrikaans nie dood nie</i>   | <i>Beeld, 25 Junie 2013</i>          |
| <i>Den Haag-taalfees: Ek verstaan dit nie</i>  | <i>Beeld, 25 Junie 2013</i>          |
| <i>Naspers-hoof vir sy leiding vereer</i>  | <i>Beeld, 28 Junie 2013</i>          |
| <i>Komponis Stefans Grové vereer</i>   | <i>Beeld, 30 Junie 2013</i>          |
| <i>Tydskrif bring hulde aan SA komponis Stefans Grové</i>                                  | <i>Beeld, 5 Julie 2013</i>           |
| <i>Willem Cruywagen sterf</i>  | <i>Beeld, 11 Julie 2013</i>          |
| <i>Dr. Cruywagen 'nie van map af'</i>  | <i>Beeld, 18 Julie 2013</i>          |
| <i>Kultuurlegende sterf (Dr. W. Cruywagen)</i>   | <i>Rekord-Oos, 19 Julie 2013</i>     |
| <i>Retief-skildery na museum</i>   | <i>Beeld, 29 Julie 2013</i>          |
| <i>'Wij hebben de opdracht om het goed te maken'</i>                                       | <i>Maandblad ZA Julie 2013</i>       |
| <i>Afrikaans 126ste uit meer as 7 000 tale (W Carstens)</i>                                | <i>Beeld, 14 Augustus 2013</i>       |
| <i>Hertzog: Rapport gee nou R50 000</i>  | <i>Rapport, 18 Augustus 2013</i>     |
| <i>SA Akademie gaan transformeer</i>   | <i>Beeld, 20 Augustus 2013</i>       |
| <i>Koos Bekker se rykdom rys uit Tencent se sukses</i>                                     | <i>Beeld, 21 Augustus 2013</i>       |
| <i>Die Deleen Bekkerprys vir die beste TV-draaiboek of Rolprent-draaiboek in Afrikaans</i> | <i>LitNet, 29 Augustus 2013</i>      |
| <i>Nuwe prys vir draaiboeke</i>  | <i>Die Burger, 30 Augustus 2013</i>  |
| <i>Beste draaiboek kry nou prys</i>  | <i>Beeld, 30 Augustus 2013</i>       |
| <i>Afrikaans in die buiteland: prof. Jerzy Koch</i>  | <i>Dagbreek, 30 Aug. 2013</i>        |
| <i>Opwindende bekronings en simposium op Stellenbosch</i>                                  | <i>LitNet, 5 September 2013</i>      |
| <i>'Jy mag nog hulp eis in Afrikaans'</i>  | <i>Beeld, 5 September 2013</i>       |
| <i>Afrikaans al minstens eeu in akademie</i>   | <i>Die Burger, 10 Sept. 2013</i>     |
| <i>Só maak 'n mens 'n nuwe stem</i>  | <i>Rapport, 11 Sept. 2013</i>        |
| <i>Oop Kaarte: Terug uit die stile: Adam Small</i>   | <i>Die Burger, 12 September 2013</i> |
| <i>Die SA Akademie se prys: 'n Saluut vir voorlopers</i>                                   | <i>Die Burger, 13 Sept. 2013</i>     |
| <i>Kennerse waarsku oor fiskale afgrond</i>  | <i>Die Burger, 13 September 2013</i> |
| <i>Afrikaanse skole 'het wenresep'</i>   | <i>Die Burger, 13 September 2013</i> |
| <i>Woorde soos app is tans op pad</i>  | <i>Rapport, 15 September 2013</i>    |
| <i>Middelklas altyd op rand van armoede</i>  | <i>Rapport, 22 September 2013</i>    |

- Dís prof. Wannie se droom vir Afrikaans*  
*'Lewende wesens' wen ook UJ-prys*  
*SA Akademie swig voor transformasie eis*  
*Staat se vet katte word vetter*  
*Solidariteit ontwikkel entrepreneurs*  
*Unisa vereer Mimi Coertse*  
*Samewerking 'n voorvereiste op taalpad*  
*Afrikaans kan finaal sneuwel by universiteit*  
*Akademici mor oor verslag*  
*Prof. Jannie Rossouw en me. Adèle Breytenbach –*  
*Samewerking 'n voorvereiste op taalpad*  
*Afrikaans kan finaal sneuwel by universiteit*  
*Steun vir Afrikaans as akademiese taal*  
*Selfs 'n kiewiet sal meer raas ... Taalstryders*  
*Druk op UKZN oor Afrikaans*  
*Media moet Afrikaans se leliewit rok afgooi*  
*Dié leeu se brul is sag (dr. Plaatjies-Van Huffel)*  
*'Onderwys 'n belegging in die toekoms'*  
*Afrikaans: Nóg 'n oorwinning (Fort Hare)*  
*'App' én 'toep' is nou oukei*  
*Groot planne vir Afrikaans*  
*'Moenie skrik vir taal op Twitter'*  
*SA instellings 'ding globaal mee'*  
*Mediese student kry Kanseliersmedalje*  
*Afrikaanse boek oor Kaapse meubels*
- Beeld, 26 September 2013*  
*Beeld, 1 Oktober 2013*  
*Die Afrikaner, 13-26 Sept. 2013*  
*Rapport, 6 Oktober 2013*  
*Vereeniging Ster, 8-14 Okt. 2013*  
*Beeld, 10 Oktober 2013*  
*Die Burger, 23 Oktober 2013*  
*Beeld, 24 Oktober 2013*  
*Die Burger, 28 Oktober 2013*  
*Dagbreek, 8 Okt. 2013*  
*Die Burger, 23 Oktober 2013*  
*Beeld, 24 Oktober 2013*  
*Die Burger, 30 Oktober 2013*  
*Rapport, 3 November 2013*  
*Beeld, 6 November 2013*  
*Rapport, 10 November 2013*  
*Rapport, 10 November 2013*  
*Die Burger, 11 November 2013*  
*Beeld, 25 November 2013*  
*Beeld, 26 November 2013*  
*Die Burger, 26 November 2013*  
*Die Burger, 28 November 2013*  
*Die Burger, 5 Desember 2013*  
*Die Burger, 11 Desember 2013*  
*Die Burger, 27 Desember 2013*

## 6. VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE

6.1 Die lede van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe was soos volg versprei oor die Werkgemeenskappe:

| Werkgemeenskap   | Ere-<br>lede | Gewone<br>lede | Rustende<br>lede | Assosiaat-<br>lede | Korres-<br>ponderende<br>lede | Totaal     |
|------------------|--------------|----------------|------------------|--------------------|-------------------------------|------------|
| Buiteland        |              | 23             |                  |                    | 2                             | <b>25</b>  |
| Durban           |              | 2              | 2                |                    |                               | <b>4</b>   |
| Oos-Kaapland     |              | 15             | 5                |                    |                               | <b>20</b>  |
| Pietermaritzburg |              | 2              |                  |                    |                               | <b>2</b>   |
| Pietersburg      |              | 2              |                  |                    |                               | <b>2</b>   |
| Potchefstroom    | 1            | 73             | 5                |                    |                               | <b>79</b>  |
| Pretoria         | 4            | 142            | 20               |                    |                               | <b>166</b> |
| Vaaldriehoek     |              | 11             |                  |                    |                               | <b>11</b>  |
| Vrystaat         |              | 61             | 7                |                    |                               | <b>68</b>  |
| Wes-Kaap         | 5            | 114            | 30               |                    |                               | <b>149</b> |
| Witwatersrand    | 1            | 36             | 7                |                    |                               | <b>44</b>  |
| Zoeloeland       |              | 1              |                  |                    |                               | <b>1</b>   |
| <b>Totaal</b>    | <b>11</b>    | <b>482</b>     | <b>76</b>        |                    | <b>2</b>                      | <b>571</b> |

**6.2 Die lede van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie was soos volg versprei oor die Werkgemeenskappe:**

| <b>Werkgemeenskap</b> | <b>Ere-<br/>lede</b> | <b>Gewone<br/>lede</b> | <b>Rustende<br/>lede</b> | <b>Assosiaat-<br/>lede</b> | <b>Korres-<br/>ponderende<br/>lede</b> | <b>Totaal</b> |
|-----------------------|----------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|--|---------------|
| Bloemfontein          |                      | 19                     | 8                        |                            |  | <b>27</b>     |
| Buiteland             |                      | 5                      |                          |                            | 2                                      | <b>7</b>      |
| Durban                |                      | 1                      | 1                        |                            |  | <b>2</b>      |
| Oos-Kaapland          |                      | 10                     | 8                        |                            |  | <b>18</b>     |
| Pietermaritzburg      |                      |                        |                          |                            |  |               |
| Pietersburg           |                      | 1                      |                          |                            |  | <b>1</b>      |
| Potchefstroom         |                      | 42                     | 7                        |                            |  | <b>49</b>     |
| Pretoria              | 1                    | 94                     | 39                       | 4                          |  | <b>138</b>    |
| Vaaldriehoek          |                      | 4                      |                          |                            |  | <b>4</b>      |
| Wes-Kaap              | 1                    | 64                     | 35                       |                            |  | <b>100</b>    |
| Witwatersrand         |                      | 36                     | 8                        |                            |  | <b>44</b>     |
| Zoeloeland            |                      | 1                      | 1                        | 1                          |  | <b>3</b>      |
| <b>Totaal</b>         | <b>2</b>             | <b>277</b>             | <b>107</b>               | <b>5</b>                   | <b>2</b>                               | <b>393</b>    |

**Verslag van Afdelings:**

| <b>Afdelings</b>          | <b>Ere-<br/>lede</b> | <b>Gewone<br/>lede</b> | <b>Rustende<br/>lede</b> | <b>Assosiaat-<br/>lede</b> | <b>Buite-<br/>land</b> | <b>Korres-<br/>ponderen-<br/>de lede</b> | <b>Totaal</b> |
|---------------------------|----------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|------------------------|--|---------------|
| Biologiese<br>Wetenskappe |                      | 69                     | 30                       | 2                          |                        |  | 101           |
| Chemiese<br>Wetenskappe   | 2                    | 36                     | 12                       | 1                          |                        |  | 51            |
| Geneeskunde               |                      | 59                     | 18                       |                            | 1                      | 1  | 79            |
| Ingenieurs-<br>wese       |                      | 48                     | 25                       | 1                          |                        |  | 74            |
| Wis- en<br>Natuurkunde    |                      | 66                     | 20                       | 1                          |                        | 1  | 88            |
| <b>Totaal</b>             | <b>2</b>             | <b>278</b>             | <b>105</b>               | <b>5</b>                   | <b>1</b>               | <b>2</b>                                 | <b>393</b>    |



## 7. VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSAPPE EN AFDELINGS VIR DIE TYDPERK 1 JUNIE 2013 TOT 31 DESEMBER 2013

### 7.1 Werkgemeenskap Bloemfontein en Vrystaat

**Bestuur:** Proff. H.P. van Coller (voorsitter), A.A. Stulting (ondervoorsitter), dr. Anthea van Jaarsveld (sekretaris), proff. O. Kok, S.W. Schoombie en dr. C. van den Berg.

### 7.2 Werkgemeenskap Pretoria

**Bestuur:** Dr. D. Greeff (voorsitter), prof. Elirea Bornman (ondervoorsitter), prof. P.H. Potgieter (sekretaris), dr. Nerina Bosman en dr. P.A.B. Carstens. Die HUB word ook genooi na die vergaderings.

#### Byeenkomste:

##### 16 Oktober 2013:

- ATKV-SA Akademieprys aan proff. Fanie de Beer en Kobus Eloff.
- Lesing: Prof. Christo van Rensburg (emeritus professor en direkteur van die Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid) – *Waar Afrikaans toe vlam vat.*

##### 21 November 2013:

Jaareindfunksie: Mnr. Marthinus Visser (Hoof van Akademia) – *'n Afrikaanse universiteit op pad na die toekoms.*

### 7.3 Werkgemeenskap Oos-Kaapland

**Bestuur:** Prof. J.A.A. Engelbrecht (voorsitter), dr. D. Nelson (ondervoorsitter), prof. A. Otto (sekretaris) en prof. W. Olivier.

#### Algemeen:

Die Bestuur was gevra om net so aan te gaan vir nog 'n jaar (2013) aangesien daar nie 'n verkiesing gehou kon word nie. Een lid is vanjaar voorgestel as lid van die Akademie, te wete dr. M. Crous. Nog twee persone word oorweeg en ons poog tans om hul CV's te bekom. Aandag word spesifiek gegee aan 'n poging om te diversifiseer.

### 7.4 Werkgemeenskap Wes-Kaap

**Bestuur:** Prof. W.J. Pienaar (voorsitter), prof. I. Grové, prof. S.E. Visagie (sekretaris), proff. F.J. Mostert (tesourier), C.J. Bester, A. Carl, J. de Villiers, P.H. Kapp, A.J. Reinecke en J.H. van Vuuren.

#### Byeenkomste:

1. Hulpverlening met die aanbod van die SA Akademie se jaarlikse simposium op 12 September.
3. Hulpverlening met die aanbod van die suidelike bekroningsgeleentheid op 13 September.
4. Verspreiding van Afrikaanse populêre tydskrifte onder plaaswerkers.

## 7.5 Werkgemeenskap Potchefstroom

**Bestuur:** Prof. C.C. Wessels (voorsitter), prof. E.L.J. Breet, prof. J. du Toit (ondervoorsitter), dr. J.A.K. Olivier (sekretaris en penningmeester), proff. W.A.M. Carstens, J. Geertsema, E.P.J. Kleynhans, G.A. Lotter, A. Lourens en H. Strydom.

### Byeenkomste:

Die Werkgemeenskap Potchefstroom het gedurende 2013 twee ledevergaderings met paneelbesprekings en vier bestuursvergaderings gehou. Die temas van die ledevergaderings was stimulerend en interessant en die byeenkomste is goed bygewoon. Daar is deur die jaar weereens belangstellendes op kampus en vanuit die gemeenskap na die vergaderings uit te nooi.

Datum: Donderdag 15 Augustus 2013  
 Spreker: Prof. Mariëtte Lowes (Viserektor: Onderrig-leer, NWU)  
 Onderwerp: *Impak van veranderinge in die hoër onderwys-omgewing op veral die NWU.*

Datum: Donderdag 17 Oktober 2013  
 Paneel: Prof. F. van Niekerk (Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie), prof. F. Waanders (Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese) en mnr. R. Wait (Skool vir Ekonomie)  
 Onderwerp: *Hidrobreking in Suid-Afrika – 'n paneelbespreking*

Oorhandiging van die ATKV-SA Akademieprys aan prof. Hein Viljoen.

### Algemeen:

1. Werwing van nuwe lede was weereens hoog op die agenda en die volgende persone is genomineer as lede van die Akademie:
  - Dr. Adri Breed, Skool vir Tale, NWU
  - Dr. Herculene Kotze, Skool vir Tale, NWU
  - Prof. Jaco Pienaar, WorkWell Navorsingseenheid, NWU
  - Dr. Marlies Taljard, Skool vir Tale, NWU
  - Dr. Philip van der Merwe, Skool vir Tale, NWU
2. Prof. Hein Viljoen, 'n lid van die Werkgemeenskap, het 'n ATKV-SA Akademieprys in 2012 vir twee van sy navorsingsartikels ontvang. Die prys is by 'n ledevergadering deur mnr. Japie Gouws (Besturende direkteur, ATKV-groep) oorhandig.
3. Die bestuur van die Werkgemeenskap Potchefstroom spreek weereens hul waardering uit vir die goeie samewerking met die Hoofkantoor van die SA Akademie, dr. Dion Prinsloo en haar personeel, en hul hulpvaardigheid met en professionele benadering tot die aktiwiteite van die jaar.

## 7.6 Afdeling Biologiese Wetenskappe

**Bestuur:** Prof. P.D. Theron (Voorsitter), dr. E.E. Bruwer (Sekretaris), prof. A. Oldewage, drr. C. Huyser, N. van Loggerenberg, proff. W.J. van Aardt, W. van Hoven, drr. J.F. Durand en J. Berner.

**Byeenkomste:**

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Biologiese Simposium is op 16 Oktober 2013 by die Groenkloof-kampus van die Universiteit van Pretoria gehou. Dit is aangebied deur die Fakulteite Natuur- en Landbouwetenskappe, Opvoedkunde en die Departement Fisiologie.

**Referaat MSc/PhD:**

1. L. Boyd
2. A. van Tonder
3. I. Wepener

**Referaat Hons:**

1. M. Venter
2. S. Moosa

**Plakkaat MSc/PhD:**

1. A. Kasonga
2. S. Marais
3. P.Z.N. Franzini

**Plakkaat Hons:**

1. M. Schoeman
2. J. Hudson
3. S. Raman

**Die program was soos volg:**

**Gasspreker:** Dr. A. Stander – *Molekulêre dinamika en in vitro evaluering van antimitotiese middels*

**Referaat 1:** *Voorkliniese evaluasie van die antidiabetiese potensiaal van 'n teemengsel en sy individuele bestanddele – V. Paddy (Meesters).*

**Referaat 2:** *2-Etiel-3-O-sulfamoïel-estra-1,3,5(10)16-tetraeen veroorsaak seldood deur die intrinsieke pad van apoptose – W. Wolmarans (Meesters).*

**Referaat 3:** *Ex vivo effekte van estradiol analoë op bloed: 'n loodsstudie – T.V. Mqoco (Doktoraat).*

**Referaat 4:** *'n Terugwerkende gevallestudie om die effektiwiteit van Zolpidem, op brein funksionering en bewustheid, in neurologies gestremde pasiënte te bepaal – M. Venter (Honneurs).*

**Referaat 5:** *Kombinasie van antimitotiese chemoterapie en glikolitiese inhibeerders wis bors-kankerselle via apoptose en autofagie uit – X.X. Stander (Doktoraat).*

**Referaat 6:** *Die in vitro reaksie van osteoklast-tipe en osteoblast selle tot geëlektrospinde kalsium fosfaat twee-fasige kandidaat steiers van beenweefsel herstel – I. Wepener (Doktoraat).*

**Referaat 7:** *Bepaling van in vitro hepatotoksisiteit van twee plante van die Apocynaceae familie – W. Cordier (Doktoraat).*

**Referaat 8:** *Geassisteerde Reproductiewe Tegnologie in Suid Afrika: Die prys om te betaal – C. Huyser (Doktoraat).*

**Referaat 9:** *Vitrifikasie van sperme: □ Alternatief vir konvensionele bevringsmetodes – M. Slabbert (Meesters).*

**Referaat 10:** *Kombinasies van inhibeerders van glukosedraers en estroonanaloe op borskankersellyne – A. van Tonder (Doktoraat).*

**Referaat 11:** *Die verwagte dalings in die getalle van vier verskillende voël spesie, die Huismossie, die Kleinglansspreeu, die Gewone Tortelduif en die Rooiborsduifie in Gauteng en Limpopo – L. Steyn (Meesters).*

**Referaat 12:** *Variasie in metaal opeenhoping in Bothriocephalus acheilognathi: Die tyd werptou – B.M. Gilbert (Doktoraat).*

**Referaat 13:** *Invloed van omgewingstemperatuur op eierproduksie van Neopolystoma (Monogenea: Polystomatidae) – L.N. Meyer (Doktoraat).*

**Referaat 14:** *Voorlopige resultate oor biodiversiteit van Suid-Afrikaanse amfibiese bloedparasiete – E.C. Netherlands (Meesters).*

**Referaat 15:** *Een padda, twee monogenieër platwurms – M. Theunissen (Meesters).*

**Referaat 16:** *Die effek van indirekte blootstelling aan Cry 1Ab proteïne op die biologie van die groen goudogie (Chrysoperla Pudica) – J.F. Warren (Meesters).*

**Referaat 17:** *Suider-Afrika boomfamilies en ordes se aktiwiteit teen Gram-negatiewe bakterieë – L. Pauw (Doktoraat).*

**Referaat 18:** *'n Terugwerkende gevallestudie om die effektiwiteit van Zolpidem te bepaal in pasiënte met neurologiese skade, om brein perfusie en funksie te verbeter – S.P. Jansen van Vuuren (Meesters).*

**Referaat 19:** *Energiestelsel bydrae en koppeling aan prestasie tydens 'n 2000-m roei ergometrie tydtoets in Suid-Afrikaanse roeiers – J.R. Clark (Meesters).*

**Referaat 20:** *Modulering van osteoklastvorming en beenresorpsie deur gefermenteerde encongefermenteerde rooibostee in RAW 264.7 muismonosiete – S. Moosa (Meesters).*

**Referaat 21:** *Die bepaling van die teenwoordigheid van nematofage fungi op natuurlike weiding in die Vals Bo-Karoo gebiede en die moontlike gebruik as biologiese beheermetode – P.T. Ngala (Honneurs).*

**Referaat 22:** *Repatriasie van oorblyfsels van die Ebo 4 uit Angola – M. Steyn (Doktoraat).*

**Referaat 23:** *Effek van blootstelling aan selektiewe endokrien-steurende stowwe op die testes van manlike Sprague-Dawley rotte – S.M. Patrick (Doktoraat).*

**Referaat 24:** *Antitumor sein van 'n mikrotubule inhibeerder in menslike epiteel servikale karsinoom – L.S. Boyd (Meesters).*

**Referaat 25:** *Onderwysers se beskouing oor voedingonderrig van leerders se invloed op hul voedinggedrag – 'n Kwalitatiewe studie – M.D. Kupolati (Meesters).*

**Referaat 26:** *'n Dwarssnit vergelyking van die voedingkennis, -houding en eetpraktyke tussen leerders en onderwysers in laerskole in 'n hulpbronbeperkte gemeenskap in Bronkhorstspuit, Gauteng Provinsie (Suid-Afrika) – M.D. Kupolati (Meesters).*

**Plakkaat 1:** *Antioksidant aktiwiteit en polifenoliese inhoud van 'n kommersiële 'antidiabetiese' teemengsel – V. Paddy (Meesters).*

**Plakkaat 2:** *In vitro effek van ESE-15-OL in kombinasie met deferoksamien op selgroei, selmorfologie, mitochondriale depolarisasie en die uitdrukking van angiogeniese faktore in borskankerselle – N. Kapp (Honneurs).*

**Plakkaat 3:** *Antimitotieses sulfamaat estradiol analoog induseer apoptosis en verander geen ekspressie in "n trippel negatiewe borskankersellyn – M.H. Visagie (Doktoraat).*

**Plakkaat 4:** *Vroeë- en laat seldood eienskappe geïnduseer deur antikanker estradiol analoë in vitro – E.M. Nolte (Honneurs).*

**Plakkaat 5:** *In vitro modulasie van osteoklastvorming en beenresorpsie deur poli-onversadigde vetsure gekombineer met soja fito-estrogene in RAW 264.7 muismonosiete – S. Marais (Meesters).*

**Plakkaat 6:** *In vitro effekte van aragidoonsuur en doksosahekaënoësuur op osteoklastogenese en beenresorpsie in mens CD14+ monosiete – A.E. Kasonga (Meesters).*

**Plakkaat 7:** *Die spinnekop tiep-eksemplare in die Nasionale Versameling van Arachnida – P. Marais (Nasionale Diploma – TUT).*

**Plakkaat 8:** *Die in vitro en ex vivo effek van 'n belowende estrogeen analoog op selmorfologie en reaktiewe suurstof spesie generasie – L. Repsold (Meesters).*

**Plakkaat 9:** *Spesies vir Afrika – 'n ryk biodiversiteit van insekte en spinnekoppe uit slegs een lokval in 'n stadsgebied in Pretoria – J.A. Kelly (Doktoraat).*

**Plakkaat 10:** *Hepatotoksiese potensiaal van Acokanthera oppositifolia en Boophane disticha – H. Parkar (Honneurs).*

**Plakkaat 11:** *Die rol van Namibwoestyn-insekte en hulle simbiotiese mikrobiota in die grondkoolstof-siklus – Z.N. Philippa (Doktoraat).*

**Plakkaat 12:** *Geval verslag: ongewone skede chirurgiese trauma – M. Steyn (Doktoraat).*

**Plakkaat 13:** *'n Moontlike geval van Trepanasie van Dambarare, 'n 17de eeu Afro-Portugese grondwerke terrein in Noord-Zimbabwe – E. Swanepoel (Doktoraat).*

**Plakkaat 14:** *Outofagie induksie via 'n estradiol analoog in bors adenokarsinoomselle – D.S. Nkandeu (Meesters).*

**Plakkaat 15:** *Skepping van 'n arteriële verwysingsdatastel in 'n Suid Afrikaanse kadawer populasie – 'n Voorlopige verslag – M. Schoeman (Honneurs).*

**Plakkaat 16:** *Die belangrikheid van liggaamskomposisie, fiksheid en visuele vaardighede in die evaluasie van swemmers – J. Hudson (Honneurs).*

**Plakkaat 17:** *Die effek van sportspesifieke oefeninge op die visuele vaardighede van rugbyspelers – S. Raman (Honneurs).*

**Plakkaat 18:** *Die effek van 'n af-pre-seisoen kondisioneringsprogram op jong manlike rugbyspelers – D. van Coller (Honneurs).*

Oorhandiging van pryse: Prof. P. Theron

**Dr. Erna Bruwer, Seketaris: Afdeling Biologiese Wetenskappe**

## **7.7 Afdeling Wis- en Natuurkunde**

**Bestuur:** Mnr. R.W. Pretorius (voorsitter), dr. P.E. Uys (ondervoorsitter), proff. W. Meyer, P.H. Potgieter en dr. S. Zietsman. Die pos van sekretaris is sedert 2009 vakant.

### **Vergaderings:**

'n Bestuursvergadering is op 21 November 2013 gehou by die Departement Fisika, Universiteit van Pretoria.

Die studentesimposium is op 7 en 8 November 2013 op die hoofkampus van die Universiteit van Pretoria gehou. Gasheerdepartement: Chemiese Ingenieurwese.

Die uitblinkers wat betref die Afdeling Wis- en Natuurkunde, was soos volg:

C. Louw (UJ): *Modellering van potensiële persoonlike inligtingslekkasie deur die gebruik van sosiale netwerke* – 1ste plek, Sessie 2

A. Smit (US) – *Molekulêre films: Ultra-vinnige strukturele-dinamikametings van kristalle en tegnologie-ontwikkelings in die ultra-vinnige wetenskap* – 1ste plek, Sessie 3

J. Louw (NWU) – *Die ontwerp van 'n driedimensionele virtuele ontvangsisteem vir groot geboue* – Eureka-DIY spesiale toekenning.

Soos die gebruik geword het, is al die aanbiedings beoordeel en 'n aantal kontant- en ander pryse ook toegeken. Albei geleenthede is goed bygewoon en positiewe terugvoer in die verband is ontvang.

## **EXPO**

Die deelname aan die "Noord-Gauteng Expo vir Jong Wetenskaplikes" saam met die Afdeling Chemiese Wetenskappe, is in 2013 voortgesit. Toekennings (kontantpryse) is weereens aan besondere projekte in Afrikaans gemaak. 'n Aantal sertifikate is ook aan verdienstelike projekte in Afrikaans toegeken. Lede van die twee afdelings het as beoordelaars opgetree.

Volgens die nuwe formaat vir die Akademietoekennings, word daar nie meer eerste en tweede pryse in 'n beperkte aantal kategorieë toegeken nie, maar 'n totaal van 10 gelykwaardige pryse wat oor al die ouderdomsgroepe strek. Hierdie model vind algemene byval en sal voortaan gebruik word.

